
**Deur President**
**Henry B. Eyring**
Eerste Raadgewer in
die Eerste Presidentskap



# Herken, Onthou en Wees Dankbaar

God vra dat ons aan Hom dankbaarheid toon, vir alle seëninge wat ons van Hom af ontvang. Dit is maklik vir ons om meganies te word in ons gebede van dankbaarheid, om dikwels dieselfde woorde te herhaal, sonder die bedoeling om dankbaarheid as 'n gawe van die hart, aan God te bring nie. Ons moet "dankie sê . . . in die Gees" (L&V 46:32) sodat ons ware dankbaarheid kan voel vir dit wat God aan ons gegee het.

Hoe kan ons selfs 'n gedeelte onthou, van alles wat God vir ons gedoen het? Die Apostel Johannes het neer geskryf wat die Verlosser geleer het oor die gawe van herinnering wat deur die gawe van die Heilige Gees kom: "Maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle sal sê" (Johannes 14:26).

Die Heilige Gees sal herinneringe terug bring, van dit wat God ons geleer het. En een van die maniere wat God ons leer, is met Sy seëninge; en so, indien ons kies om geloof uit te oefen, sal die Heilige Gees ons van God se goedhartigheid aan ons, herinner.

Jy kan dit vandag in gebed uit toets. Jy kan die gebod volg wat sê "Julle sal die Here julle God in alles dank" (L&V 59:7).

President Ezra Taft Benson (1899–1994) het voorgestel dat gebed, die tyd skep om dit te doen. Hy het gesê: "Die Profeet Joseph het eenkeer gesê, dat een van die grootste sondes waarvan die Heiliges van die Laaste Dae skuldig is, die sonde van ondankbaarheid is. Ek is seker dat meeste van ons, dit nie as 'n groot sonde beskou het nie. Daar is 'n groot neiging vir ons, om in ons gebede, vir die Here vir addisionele seëninge te vra. Maar soms voel ek dat ons meer van ons gebede aan uitdrukkinge van dankbaarheid en danksegging moet afstaan, vir die seëninge wat ons reeds ontvang het. Ons geniet so baie."[1]

Jy kan vandag so 'n ondervinding met die Heilige Gees hê. Jy kan 'n persoonlike gebed met dankbaarheid open. Jy kan begin deur jou seëninge te tel en dan vir 'n oomblik te wag. Indien jy geloof uitoefen, saam met die gawe van die Heilige Gees, sal jy vind dat herinneringe van ander seeninge in jou verstand sal invloei. Indien jy begin om dankbaarheid te toon vir elkeen van hulle,

sal jou gebed dalk ‘n bietjie langer neem as gewoonlik. Herinneringe sal kom, asook dankbaarheid.

Jy kan dieselfde ding probeer, soos wat jy in jou dagboek skrywe. Die Heilige Gees het mense al sedert die begin van tyd, hiermee gehelp. Jy onthou dat die boek van Moses sê, “En ‘n gedenkboek is bygehou waarin opgeskryf is in die taal van Adam, want dit is aan elkeen wat God aangeroep het gegee om deur die gees van ingewing te skrywe” (Moses 6:5).

President Spencer W. Kimball (1895–1985) het hierdie proses van ingewende skrif beskryf: “Diegene wie ‘n gedenkboek hou, is meer geneig om die Here in hulle daaglikse lewens te onthou. ‘n Gedenkboek of joernaal is ‘n manier om ons seëninge te tel en om ‘n inventaris van hierdie seëninge vir ons nageslagte na te laat.”[2]

Soos wat jy begin skryf, kan jy jouself af vra, “Hoe het God my en diegene vir wie ek lief is, vandag geseën?” Indien jy dit dikwels en met geloof doen, sal jy vind dat jy hierdie seëninge onthou. En soms sal jy gawes onthou, wat jy dalk nie gedurende die dag erken het nie, dan sal jy besef, dat dit die aanraking van God se hand in jou lewe was.

Ek bid dat ons ‘n voortdurende poging sal aanwend om met geloof, te erken, te onthou en dankie te sê, vir dit wat ons Hemelse Vader en ons Verlosser vir ons gedoen het en steeds besig is om te doen om die weg, terug na Hulle, uit te wys.

**NOTAS**

1. Ezra Taft Benson, *God, Family, Country: Our Three Great Loyalties* (1974), 199.
2. Spencer W. Kimball, “Listen to the Prophets,” *Ensign,* Mei 1978, 77.

**LERINGE UIT HIERDIE BOODSKAP**

In sy boodskap, nooi President Eyring ons uit om Hemelse Vader se goedhartigheid in ons gebede te onthou. Bespreek met diegene wie julle leer, hoe dankbaarheid in ons gebede, ons kan help om God se hand in ons lewens te erken. Oorweeg om saam met diegene wie julle leer, te kniel in gebed en stel voor dat die persoon wie die gebed gaan gee, slegs dankbaarheid sal uitdruk.

Jy kan ook die belangrikheid van dankbaarheid studeer, deur hierdie verse te lees, saam met die verse wat President Eyring genome het: Psalm 100; Mosia 2:19–22; Alma 26:8; 34:38; Leer en Verbonde 59:21; 78:19; 136:28.

## JEUG

## Neem ‘n Inventaris

President Eyring haal President Spencer W. Kimball (1895–1985) aan, waar hy sê “joernale is ‘n manier om ons seëninge te tel en om ‘n inventaris van hierdie seëninge vir ons nageslagte na te laat.” President Thomas S. Monson het in die Oktober 2012 algemene konferensie, sy getuienis van joernaal inskrywings gedeel. Hy het ondervindinge van sy lewe gedeel en bygevoeg, “My daaglikse joernaal, wat oor al hierdie jare gehou is, het my gehelp om spesifieke dinge te onthou, wat ek andersins nie sou kon onthou nie.” Hy het aanbeveel om “’n Inventaris van jou lewe te neem en om spesifiek uit te kyk vir die seëninge, groot of klein, wat jy reeds ontvang het” (“Oorweeg die Seëninge,” *Liahona* en *Ensign,* Nov. 2012, 86). Probeer om die raad van hierdie profete te volg en stel doele om in jou joernaal te skryf.

## KINDERS

# Baie Maniere Om Dankie te Sê

*"Oor die hele wêreld, aan die einde van die dag,*
*Kniel Hemelse Vader se kinders en bid,*
*Elkeen sê dankie op sy eie spesiale manier."*

"Kinders Oor die Hele Wêreld," Kinder Sangbundel, 16.

Gebruik 'n kaart om die verskillende lande te identifiseer, waar hierdie tale gepraat word. Sommige van hierdie tale word in meer as een land gepraat!

1. gracias (Spaans)
2. malo (Tongaans)
3. thank you (Engels)
4. shukriyaa (Hindi)
5. spaseba (Russies)
6. arigatō (Japanees)
7. obrigado (Portugees)
8. asante (Swahili)
9. merci (Frans)

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertalings goedkeuring: 6/12. Vertaling van *First Presidency Message, August 2013*. Africaans. 10668 501

# Welsyn

*Bestudeer die materiaal met gebed, en waar van toepassing, bespreek dit met die susters wat jy besoek. Gebruik die vrae om jou te help om jou susters te versterk en om Vroue Vereeniging 'n aktiewe deel van jou lewe te maak. Vir meer inligting gaan na* ***reliefsociety.lds.org****.*

**Geloof, Familie, Verligting**

Die doel van Kerk Welsyn is om lede te help om selfstandig te word, om na die armes en diegene in nood om te sien en om van diens te wees. Welsyn is sentraal aan die werk van die Vroue Vereniging President Henry B. Eyring, Eerste Raadgewer in die Eerste Presidentskap, het geleer:

"[Die Here] het van die begin van tyd, maniere voorsien waarvolgens Sy dissipels kon help. Hy het Sy kinders genooi om hulle tyd, hulle geriewe en hulleself tot Hom toe te wy, in die diens van andere. . . .

"Hy het ons uitgenooi en beveel om in Sy werk deel te neem, om diegene in nood op te hef. Ons maak 'n verbond om dit te doen, in die waters van die doop en in die heilige tempels van God. Ons hernu hierdie verbond op Sondae wanneer ons van die nagmaal neem.[1]

Onder die leiding van die Biskop of tak president, help plaaslike leiers om geestelike en tydelike welsyn te verskaf. Geleenthede om te dien, begin dikwels met vroue besoekers, wie die inspirasie uitsoek, om te weet hoe om te regaeer op die nood van elke suster wat hulle besoek.

### Uit die Skrifture

Lukas 10:25–37; Jakobus 1:27; Mosia 4:26; 18:8–11; Leer en Verbonde 104:18

### Vanuit ons Geskiedenis

Op 9 Junie, 1842, het die Profeet Joseph Smith, die susters in die Vroue Vereniging aangesê om "die armes te verlig" en om "siele te red."[2] Hierdie doele is steeds in die hart van die Vroue Vereniging en word in ons leuse weerspieel, "Liefdadigheid vergaan nooit" (1 Korinthiërs 13:8).

Ons vyfde algemene president van die Vroue Vereniging, Emmeline B. Wells, en haar raadgewers het hierdie leuse in 1913 bekend gemaak, as 'n herinnering van die beginsels waarmee die Vroue Vereniging geskep is: "Ons verklaar dat dit ons doel is om . . . vas te [gryp] aan die geinspireerde leringe van die Profeet Joseph Smith, toe hy die plan geopenbaar het, waarvolgens vrouens die krag gegee sou word, deur die roeping van die priesterskap, om saam gegroepeer te word in 'n aanvaarbare organisasie, vir die doel van die bediening van die siekes, die bystand van diegene in nood, vir die vertroosting van die oueres, vir die waarskuwing van die onversigtiges en vir die versorging van weeskinders."[3]

Vandag het die Vroue Vereniging 'n wêreldwye ryk, soos wat susters liefdadigheid aan hulle bure offer, die suiwere liefde van Christus (sien Moroni 7:46–47).

**NOTAS**

1. Henry B. Eyring, "Geleenthede om Goed te Doen," *Liahona* en *Ensign,* Mei 2011, 22.
2. Joseph Smith, in *Dogters in My Koninkryk: Die Geskiedenis en Werk van die Vroue Vereeniging* (2011), 63.
3. *Dogters in My Koninkryk,* 63.

### Wat Kan Ek Doen?

**1.** Hoe is ek besig om voor te berei om geestelik en tydelik vir myself en my familie te versorg?

**2.** Hoe kan ek die Verlosser se voorbeeld volg, soos wat ek die susters oor wie ek waak se nood probeer vul?

© 2013 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gedruk in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/12. Vertaling goedkeuring: 6/12. Vertaling van *Visiting Teaching Message, August 2013*. Africaans. 10668 501